SIYATHEMBA MUNISIPALITEIT **SIYATHEMBA MUNICIPALITY**

KERSGROETE: SIYATHEMBA MUNISIPALITEIT

Met die naderende jaareinde kan niemand kla dat 2017 vervelig was nie! Ondanks die moeilike ekonomiese omstandighede en heersende politieke onsekerheid in die land, het die Siyathemba Munisipaliteit hul fokus op die taak voorhande behou. Sodoende is seker gemaak dat ons ons mandaat om ons gemeenskappe te bedien, ongeag verskillende uitdagings, wel suksesvol uitgevoer kon word.

Dit is moontlik gemaak deur die toegewydheid van elke persoon verbonde aan die Munisipaliteit, ons Raad deur hul oorsigrol, ons uitvoerende bestuur en die medewerking van ons wykskomitees. Dankie vir hierdie toegewydheid!

Die Kersseisoen is ophande – 'n tyd vir vriende en families. Maar meer belangrik ons afwagting op die koms van ons Heiland en Verlosser in ons midde!

Mag hierdie feesseisoen dus 'n tyd van vrede en vreugde vir elkeen van ons wees en mag God se teenwoordigheid nuwe betekenis in ons geestelike lewe bring.

Paulus verklaar: "Dit is beter om te gee as om te ontvang." Mag ons dus ook uitreik na behoeftiges en diegene wat niks het om na uit te sien nie.

Graag wil ons u ook groot dankie sê vir u volgehoue ondersteuning deur die jaar!

'n Geseënde kersfees en voorspoedige Nuwejaar word aan u almal toegewens!

Van: Siyathemba Munisipaliteit (Raad/ Bestuur/ Werkers en Amptenare)

BURGMEESTER
HME TSUME

MUNISIPALE BESTUURDER
IWJ STADHOUER